NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B Opsomming (10 punte)
   Afdeling C Poësie (30 punte)
   Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

7. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

---

IEB Copyright © 2021 

## AFDELING A LEESBEGRIP

### VRAAG 1

**Lees die volgende teks noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.**

### Donatello – uShaka se oulike pikkewyn



1 Hoewel Donatello, die brilpikkewyn, al lank by die fyne Cyclops probeer vlerksleep het, het dié twee eers na 'n lang gesukkel 'n paartjie geword. Hulle is tans by die uShaka Marine World in Durban.

2 Werkers by uShaka het gedink Donatello sou nooit Cyclops se hart steel nie, al het hy al maande lank probeer om haar te beïndruk. Cyclops het net nie op Donatello se aandag gereageer nie.

3 Donatello en Cyclops is einde 2018 op verskillende strande in KwaZulu-Natal gered en na uShaka gebring. Cyclops is 'n fyn en klein brilpikkewyn wat slegs 2,5 kilogram weeg en Donatello weeg 'n stewige 4,3 kilogram. Toe Cyclops gered is, het sy 'n besering aan haar linkervlerk gehad en sy het haar linkeroog verloor. Donatello was maer, ontwater en uitgeput. Hy het beserings aan sy pote en vlerk gehad, wat ontsteek het.

4 Sonder 'n maat van sy eie het Donatello die meeste van sy dae deurgebring om die materiaal waarmee die ander pikkewyne hul neste gebou het, te steel. Hy het dit sommer rondgestrooi soos hy lus gekry het. Dié gedrag het nie goed afgegaan by die ander pikkewyne nie en dit het groot drama veroorsaak.

5 Die personeel by uShaka het onlangs besef dat hy begin het om sy "gesteelde materiaal" elke dag op dieselfde plek neer te sit. Die plek wat hy gekies het, was 'n taamlike entjie van waar die ander pikkewyne gewoonlik nes bou. Die personeel het toe iets nuuts probeer. Hulle het vir hom 'n houer ingerig wat hy as 'n nes kon gebruik. Hy het al sy materiaal in die nes begin sit.

6 Donatello het internasionaal beroemd geword nadat hy in Oktober 2019 reg geraai het dat Suid-Afrika vir Wallis in die eindstryd van die Rugby-Wêreldbeker sou klop. Donatello het dié eer gekry om 'n wenner te kies nadat uShaka se seekat die vorige week verkeerdelik geraai het dat Japan vir Suid-Afrika in die kwarteindrondte sou klop.

IEB Copyright © 2021



7 Werkers van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Mariene Biologiese Navorsing het twee vlaggies voor Donatello neergesit. Hy moes toe die wenner van die halfeindstryd kies. Donatello het ná 'n paar oomblikke die wyse keuse gemaak om die Suid-Afrikaanse vlag (eerder as die Walliese vlag) te kies. Daarmee het hy voorspel dat die Springbokke die wedstryd sou wen. Suid-Afrika het toe ook vir Wallis met 'n telling van 19–16 geklop.

8 Donatello het die Suid-Afrikaanse vlag so hoog gelig as wat hy kon voordat hy dit na sy nes geneem het. Hy het steeds sy oog op Cyclops gehad, wat hom op daardie stadium nog geïgnoreer het. Hy was alewig op soek na "geskenke" om nes toe te bring om haar te beïndruk.

9 Donatello het nie eers nodig gehad om Cyclops verder te verlei nie omdat sy sommer onmiddellik by hom ingetrek het.

10 Hulle is nou nooit weg van mekaar nie en Cyclops volg vir Donatello waarheen hy ook al gaan. Gabi Harris, wat by uShaka werk, sê dit is waar dat pikkewyne 'n lewensmaat kies tot die dood hulle skei. "Natuurlik, soos met ons ook, is daar soms 'n egskeiding," sê sy.

11 Die brilpikkewyn (*Spheniscus demersus*) is endemies aan die wes- en suidooskuste van Suider-Afrika en die enigste pikkewyn wat in dié area se gebiedswater broei. Die brilpikkewyn verkies om in 'n warmer klimaat te woon en is vandag 'n bedreigde spesie.

[Bron: *Die Burger*, Maandag, 13 Julie 2020 **en** iol.co.za, 28 Oktober 2019]

IEB Copyright © 2021 

1.1 Kies die antwoord wat die beste pas. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

Wanneer mens sê dat Donatello by Cyclops probeer **vlerksleep**, beteken dit dat hy ...

A sy vlerk beseer het.
B vir Cyclops probeer beïndruk.
C moeg is van al die harde werk.
D Cyclops se simpatie soek. (1)

1.2 Donatello en Cyclops is saam in 2018 in KwaZulu-Natal gered.

1.2.1 Sê of bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

1.2.2 Haal **twee opeenvolgende woorde** uit paragraaf 3 aan om jou antwoord op Vraag 1.2.1 te motiveer. (1)

1.3 Wat het Donatello aanhoudend gedoen wat die ander pikkewyne ontstel het? (1)

1.4 Wat het die personeel van uShaka vir Donatello gedoen om hom te help om 'n maat te kry? (1)

1.5 Wat moes Donatello in 2019 doen, wat hom **internasionaal** bekend gemaak het? (1)

1.6 Lees paragraaf 6.

1.6.1 Wat het Donatello en die seekat by uShaka **in gemeen gehad**? (1)

1.6.2 Hoe het Donatello en die seekat se voorspellings van mekaar **verskil**? (1)

1.7 Wat het Donatello **uiteindelik** met die SA-vlag gedoen nadat hy dit in die lug gehou het? (1)

1.8 Waarom, dink jy, broei brilpikkewyne **nie** soos baie ander pikkewynspesies **in die Suidpool nie**? (1)
**[10]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – ADVERTENSIE

**Lees die onderstaande advertensie deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**Met hierdie maatskappy bespaar jy 30% as jy self aanlyn aansoek doen vir jou motorversekering:**




Motorversekering aanlyn. **Geen paaiement** vir die eerste maand.

Dotsure wil dit vir jou **die moeite werd** maak om met hulle sake te doen en **sien na jou belange om** asof dit hul eie is; daarom **beloon** hulle jou met wonderlike voordele:

- Elke maand tot 25 persent kontant terug op grond van jou bestuurstyl.
- **Afslag** van tot 30 persent as jy jou versekering aanlyn koop.

[Bron: <http://huisgenoot.com/dotsure>]

2.1 Noem **een verskil** tussen die gesigsuitdrukkings van figuur A en B. (2)

2.2 Wat is die **verskil** tussen die **ou manier** van versekering hanteer en die **nuwe manier**? (1)

2.3 Hoe beklemtoon **die agtergrond** van die prentjies **die gevoelens** van figuur A en figuur B? (2)

2.4 **Hoe** weet ons dat die **haas (figuur C)** besig is om te hop? (1)

2.5 Noem **een voordeel** wanneer jy hierdie versekering aanlyn koop. (1)

2.6 Waarom, dink jy, word die "e" in *dotsure.co.za* in wit gedruk? (1)

2.7 **Hoekom** gebruik die adverteerder die beeld van **'n haas (figuur C)** in plaas van 'n skilpad in sy advertensie? (2)

**[10]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT

**Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**




[Bron: *Die Burger*, 26 September 2019]

3.1 Hoe dui **die ma (A) se gesigsuitdrukking** daarop dat sy moedeloos is? (1)

3.2 Hoe wys **die ma (A) se liggaamstaal** dat sy moeg/raad-op is? (1)

3.3 Hoe weet jy dat **kind B** se vuvuzela/trompet 'n **geraas** maak? Noem **twee** dinge. (2)

3.4 Kies die antwoord wat die **beste** pas. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer:

**Kind C** sit heel waarskynlik in die stukkende plafon vas want ...

A hy was besig om op die dak te speel.
B hy het op sy ma se springmat gespring.
C die papegaai het hom op sy boud gepik.
D sy suster het hom weggestamp sodat sy daar kon staan. (1)

IEB Copyright © 2021 

3.5 3.5.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is:

Die blomme op die tafel **(F)** is van plastiek gemaak. (1)

3.5.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in Vraag 3.5.1. (1)

3.6 Wat doen **kind D**, wat baie gevaarlik is? (1)

3.7 Hoe weet ons dat een van die kinders buite speel? (1)

3.8 **Waarom** is dit nie vir die **ma (A)** moontlik om haar kinders te dissiplineer nie? (1)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2021

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 WENKE VIR SUKSESVOLLE MEDITASIE

- Lees die onderstaande teks.
- Som dan die vyf WENKE vir suksesvolle meditasie in jou eie woorde op en noem elke keer 'n REDE vir die wenk.
- Dit moet elke keer EEN sin wees met 'n wenk en 'n rede wat met 'n voegwoord verbind word.
- Skryf die opsomming puntsgewys in vyf volsinne neer. Jou opsomming moet ongeveer 70 woorde bevat.
- Nommer die wenke van 1 tot 5.

**Onthou:**
- om 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer te skryf.
- om nie volsinne direk uit die teks aan te haal nie.
- dat jy gepenaliseer sal word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- dat elke hoofpunt slegs EEN sin, met **die wenk** en **die rede** vir daardie wenk, moet bevat.
- om jou opsomming te beplan voordat jy dit begin skryf. **Trek 'n streep deur jou beplanning** sodra jy klaar is met jou opsomming.

### Wenke vir suksesvolle meditasie



*Dokter Simon Whitesman van die Christiaan Barnard-gedenkhospitaal sê daar is baie tegnieke en inligting oor hoe om te mediteer. "Daar is nie 'n regte of verkeerde tegniek nie; as dit jou beter laat voel en jy mediteer konsekwent, doen jy dit reg," sê hy*. **Hier volg 'n paar wenke vir die beginner:**

Kry 'n stil plek op die vloer waar jy met jou rug teen 'n muur kan sit, of op 'n stoel met 'n regop ruglening. Die belangrikste is dat dit 'n plek is waar jy 10 tot 20 minute lank rustig op jou eie kan wees.

Maak jou oë toe en sit stil. Dit help om te besef jy hoef nie op jou gedagtes en emosies te reageer nie. Jy kan jou daaglikse lewe lei vanuit 'n ruimte waarin jy doelbewuste keuses kan maak.

Jy mag dalk begin om aan ander dinge te dink, so kry vir jou 'n meditasie-anker (soos jou asemhaling) om op te fokus. Dit help dat jy weer kan fokus as jou gedagtes dwaal of vol bekommernisse word.

Wees geduldig. Net soos fiksheid, vereis meditasie oefening. Met oefening sal jy verbeter tot jy eendag 'n volle meditasie sal kan ervaar waartydens jou gedagtes en liggaam ontspanne en kalm is.

Moenie opgee nie. Mense wat aanhou mediteer sal drastiese veranderings sien gebeur. Die meeste mense wat mediteer word kalmer, minder reaktief, doelgerigter en hulle voel soos 'n nuwe mens nadat hulle 'n ruk lank gemediteer het.

[Bron: <http://huisgenoot.com/leefstyl/vyf-stappe-meditasie-vir-beginners/>]

**10 punte**

IEB Copyright © 2021

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.**

**Sondagaande –** *Fanie Viljoen*

die aand stuur sy roofvoëls uit in die taai donker
hulle draai eers rond
hoog bo die stad se woonstelblokke
maar mettertyd sirkel hulle laer, al laer
en sink neer op die krom lamppale
vanwaar hulle met skerp oë by vensters kan intuur
na die prooi wat elke week sielalleen voor Sondagaande staan

[Bron: Toulopers – Verse vir tieners – saamgestel deur Jaco Jacobs. Lapa 2011]

5.1 Voltooi die onderstaande sin deur die ontbrekende woord(e) in te vul:

'n Gedig sonder rymskema, met min hoofletters en leestekens, word _____ genoem. (1)

5.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer:

In **versreël 1** vind ons 'n voorbeeld van ...

A personifikasie.
B vergelyking.
C eufemisme.
D 'n oksimoron. (1)

5.3 Watter **woord** suggereer dat die spreker nie van sy/haar donker binneste op 'n Sondagaand kan loskom nie? (1)

5.4 Haal 'n versreël met 'n voorbeeld van **alliterasie** uit die gedig aan en onderstreep die gedeeltes wat gealliteréer word. (1)

5.5 Kies slegs die korrekte antwoord tussen die hakies hieronder. Jy moet nie die hele sin oorskryf nie.

Die roofvoëls simboliseer die spreker se (opwinding/depressie) oor die naderende week. (1)

5.6 In versreëls 3–5 is daar **progressie** oor die gevoel van die mens op 'n Sondagaand. **Verduidelik** die progressie. (2)

5.7 Waarom **herhaal** die spreker die woord "laer" in versreël 4? (1)

5.8 Sondagaande maak die spreker swaarmoedig/depressief.

5.8.1 Gee een **rede** waarom die spreker dalk so voel. (1)

5.8.2 **Hoe** beklemtoon die "**krom** lamppale" (versreël 5) die feit dat die spreker depressief voel? (1)
**[10]**

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.**

**Taylor Swift –** *Kobus Grobler*
*vir Liebet*

jy herhaal
haar woorde van melancholie
vir die hoeveelste keer

weer

en nou ná heeldag lank
se periodes skoolwerk
en pouses
alleen
se draal in die liedjie
val jy met skool uniform taai van skool
skoene uitgeskop
op die bed neer
sing jy die woorde
van haar nuutste CD
gelaai in MP3
snik
huil
grens
jy

want vir die eerste keer
in die spieël
met jou pa se oë vol trane
verstaan jy
weet jy
hoekom bome hulle blare verloor

[Bron: Toulopers – Verse vir tieners – saamgestel deur Jaco Jacobs. Lapa 2011]

6.1 Na **wie** verwys die "jy" in versreël 1 en die "haar" in versreël 2? (1)

6.2 **Haal 'n woord uit die gedig aan** wat ongeveer dieselfde beteken as "hartseer". (1)

6.3 **Haal 'n versreël aan** wat bewys dat sy die liedjie **oor en oor** sing. (1)

IEB Copyright © 2021

6.4 Hierdie meisie het nie vriende by die skool nie.

6.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

6.4.2 Motiveer jou antwoord in Vraag 6.4.1. (1)

6.5 Wat **suggereer** die woorde "taai van skool" (versreël 10) omtrent haar dag by die skool? (1)

6.6 Waarom staan die woorde "snik huil grens" elkeen alleen in 'n versreël? Noem **twee** feite. (2)

6.7 Lees versreëls 23–25?
Wat wil die spreker hier vir ons sê? Noem **twee** dinge. (2)
**[10]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**Bly by my –** *Antjie Krog*

bly by my
wanneer dit reën
sodat my treurigheid klein kan word

bly by my
met die kraal van jou hande
sodat die winde verby my ore waai

bly by my
met jou wit uiltjie
sodat ek vergeet van my afsterf

bly by my
wanneer die aarde se onderlyf skeur
en my klein eiland verdrink in die nag.

7.1 Na **watter tye** in die spreker se lewe verwys die reën in versreël 2? (1)

7.2 Hoe sal die spreker se bui in strofe 1 verander as die persoon by haar bly? (1)

7.3 **Voltooi die sin:** Wanneer versreëls **nie** direk onder mekaar geplaas word nie, noem ons dit .... (een woord) (1)

7.4 **Hoe bind** die digter al die strofes in die gedig aanmekaar? (1)

7.5 **Lees versreël 5.**

7.5.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer:

"met die *kraal* van jou hande" (versreël 5) is 'n voorbeeld van 'n ...

A vergelyking.
B hiperbool.
C metafoor.
D oksimoron. (1)

7.5.2 'n **Kraal** is 'n plek waarin boere hulle beeste veilig hou. **Hoekom**, dink jy, gebruik die spreker hierdie woord in strofe 2? (1)

IEB Copyright © 2021

7.6 Wat, op 'n **figuurlike vlak**, is die **ooreenkoms** tussen "reën" (versreël 2) en "winde" (versreël 6)? (1)

7.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer:

Die "wit uiltjie" (versreël 8) is tradisioneel 'n **simbool** van ...

A lojaliteit.
B verandering.
C vryheid.
D wysheid. (1)

7.8 Waaraan probeer die spreker in strofe 3 **nie** dink **nie**? (1)

7.9 Vul die ontbrekende woord in:

Wanneer die woordorde van 'n sin doelbewus **omgeruil** word om 'n sekere woord (of woorde) te beklemtoon (soos in versreël 12), noem ons dit _____. (1)

**[10]**

**30 punte**

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Herskryf die sinne onder die prentjie soos aangedui.**

**Sanele Mbuyasi is 'n KwaZulu-Natalse duikinstrukteur.**




[Bron: Google Images]

8.1 Die tieners is baie opgewonde omdat Sanele hulle strand toe geneem het.

**Die tieners is baie opgewonde, want ...** (1)

8.2 Die duikers het versigtig al die belangrike duikreëls nagegaan.

**Al die belangrike duikreëls ...** (1)

8.3 Die seuns leer al die duikreëls. Hulle kan die oseaan verken.

**Nadat ...** (1)

8.4 Die skubaduikers eet en swem elke dag.

**Verlede Desember ...** (1)

8.5 Het Thabo al ooit saam met die visse geswem?

**Nee, ...** (1)

IEB Copyright © 2021

8.6 Durban is 'n gewilde vakansiebestemming. Durban het twee pragtige duikplekke.

**Durban, wat ...** (1)

8.7 Sanele vra aan sy vriend: "Dra jy die regte grootte duikpak?"

**Sanele vra aan sy vriend of ...** (1)

8.8 Sanele sal vanmiddag 'n uitstappie al langs die strand reël.

**'n Uistappie al langs die strand ...** (1)

8.9 Sanele sê: "Julle ouers gaan baie trots op julle wees".

**Sanele sê dat ...** (1)

8.10 Vakansiegangers hou van Durban. Hulle gaan elke jaar daarheen.

**Vakansiegangers hou van Durban; daarom ...** (1)

8.11 Thabo huur 'n duikpak sodat hy kan leer duik.

**Thabo huur 'n duikpak om ...** (1)

8.12 Professionele duikers moet elke jaar in die see duik.

**Professionele duikers behoort ...** (1)
**[12]**

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

**Lees die paragraaf wat op die prentjie gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord in jou antwoordskrif neer.**



Thando is vandag **9.1 (19 – skryf die woord)** jaar oud en sy mede-studente aan die **9.2 (Universiteit van Kaapstad – skryf die afkorting neer)** het 'n wonderlike **9.3 (verassing/verrassing – kies die korrekte woord)** vir hom gereël. Hy het al die **9.4 (motors/motor's/motore – kies die korrekte meervoud)** voor sy koshuis opgemerk, maar hy het nie gedink dat dit vreemd was nie. Baie studente het hulle **9.5 (uie/eie/eier – kies die korrekte woord)** vervoer. **9.6 (Wanneer/Toe – kies die korrekte voegwoord)** hy sy deur oopsluit, het almal **9.7 (suddenly – gee die korrekte Afrikaanse woord)** geskreeu: "Veels geluk!" Hy was nog besig **9.8 (___ – skryf die ontbrekende woord neer)** van die skok te herstel toe hulle 'n **9.9 (hoed – gee die korrekte verkleinwoord)** op sy kop sit en hom na die eetkamer neem. Thando het die **9.10 (snaaks – gee die oortreffende trap)** gevoel op sy maag gekry. Hy was opgewonde. John en Shahieda het sy verjaarsdagkoek na hom uitgehou. Op die koek was 19 **9.11 (brand – gee die teenwoordige deelwoord)** kerse. Die meisie met die **9.12 (streep – gee die verlede deelwoord)** T-hemp en deminbroek het gesê dat hy die kerse moet doodblaas. Dit was die **9.13 (een – gee die rangtelwoord)** keer dat Thando sprakeloos was, want hy het dit nie verwag nie. Hy het die kerse **9.14 (vinnig – gee die intensiewe vorm)** doodgeblaas en almal het toe **9.15 (na/vir – kies die korrekte voorsetsel)** hom gesing. Sy vriende het almal saam vir hom een **9.16 (duur – gee die antoniem)** geskenk gekoop eerder as wat elkeen 'n klein geskenkie koop. **[8]**

**VRAAG 10 KOMMUNIKASIE**

- Lees die inligting hieronder deur.
- Voer die instruksies wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat. (Jy hoef nie aanhalingstekens te gebruik nie.)
- Elke respons moet **15–20 woorde** lank wees. Onthou om jou woordtelling elke keer neer te skryf.
- Jy mag meer as een sin skryf.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.

**SITUASIE 1:**




Persone A en B is by 'n sokkerwedstryd.

**Persoon A** wil geen beskerming dra nie, want hy is **nie bang** vir die Coronavirus nie.

**Persoon B** is **bang** hy gaan die virus optel en hy dra soveel beskerming as moontlik.

10.1 Die man (A) dink die man agter hom (B) is **neuroties** oor die Coronavirus. Wat sê hy vir die man? (2)

10.2 Die man (B) probeer die persoon voor hom (A) **waarsku** om **versigtiger** te wees. Wat sê hy vir hom oor hoe hy lyk? (2)

IEB Copyright © 2021 

**SITUASIE 2:**




10.3 Die skeidsregter (A) van die krieketwedstryd vra die jong dame **beleefd** om van die veld af te gaan. Wat sê hy vir haar is **die rede** waarom sy moet gaan? (2)

10.4 Die krieketspeler (B) **bedank** die jong dame en verduidelik **hoe** die water hom gehelp het. Skryf neer wat hy vir haar sê. (2)

**SITUASIE 3:**




10.5 Hierdie man (A) dra sy skerm verkeerd. Die man langs hom **oortuig** hom dat hy dit korrek moet dra en hy verduidelik **waarom**. Wat sê hy vir die man? (2)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2021